# Instruksies

Die ouers kan die storie vir die kind lees dan kan die kind die inkleurprentjie inkleur.

## 21. Jona

(Jona 1 – 4)

Jona het nie gehou van die mense wat in die stad Nineve gebly het nie. Maar God was lief vir hulle. Toe stuur God vir Jona Nineve toe om vir die mense te sê die Here is lief vir hulle en wil hulle help.

Jona wou nie Nineve toe gaan nie.



God het 'n groot vis gestuur. Die vis het vir Jona ingesluk. Daar binne-in die vis het Jona vir God gevra om hom te vergewe omdat hy nie Nineve toe wou gaan nie.

Toe spoeg die groot vis vir Jona op die strand uit. Jona het Nineve toe gegaan en vir die mense van die Here vertel.

Al die mense van Nineve het in God begin glo. Hulle was baie bly dat die Here vir Jona na hulle toe gestuur het.



Hy klim toe op 'n boot en seil ver weg van Nineve af. God het 'n groot storm gestuur. Die boot waarop Jona was, wou net sink. Jona het dadelik geweet dit was sy skuld dat almal op die boot in gevaar was. Hy sê toe vir die mense: "Gooi my in die see."



Jona was nie gehoorsaam aan die Here nie. Die Here het 'n groot walvis gestuur om vir Jona te wys dat hy ongehoorsaam was. Ons moet gehoorsaam wees aan die Here en gehoorsaam wees aan ons ouers.

